

# FAMILIENUUS 343



19 Junie 2018

## **Familienuus 343**

### **MET DIE LIG NA DIE GEMEENSAP!**

Ons lees Maandagoggend tydens ons Personeelbyeenkoms Psalm 148. Ek het nie getel nie, maar dis herhaling op herhaling: "Prys die Here!"

Ek wonder tog of ons verhouding met die Here genoeg hiervan bevat? Te veel keer vra ons "help ons" en "seën ons" – en dit word 'n verhouding ter wille van "ons."

Die Psalmdigter roep alles en almal op om die Here te prys. Ons het die Goeie Nuus ontvang; ons ken dié Jesus wat Kurios genoem word; ons sien sy handewerke in die natuur, ons sien dit ook in die lewens van mense om ons. Dit gaan oor Hom! Prys die Here!

Francois Retief

–oo0oo–

### **PREDIKANTE**

Gert van der Merwe van Boksburg-0os het die beroep na Lynnwoodrif aangeneem en word op 22 Julie daar bevestig.

### **GEMEENTES**

Witrivier se "[6 weke in Jesus se geselskap](#)" is net wat jy

nodig het vir die derde kwartaal.

**JAARBOEKINLIGTING** vir die Jaarboek 2019 is reeds na die gemeentes uitgestuur. Dit moet hersien word en teruggestuur word na die Sinodehuis voor 30 Junie 2018.

## **PROJEKTE**

**Skolebediening:** as jy nie elke geleentheid benut om kinders in ons skole te bedien met die Evangelie van Jesus Christus nie, mis jy 'n baie groot deel van jou jeugbediening. Die vraag is: Hoe doen ek skolebediening?

Hier is die [antwoord!](#)

## **ONDERSTEUNING**

[www.sinoos.co.za](http://www.sinoos.co.za) – ons hoofblad bevat belangrike inligting vir elke gemeente wat wil beroep. Onder "**Diensverhoudinge/diensooreenkomste**" is daar ook hulpdokumente wat help met die proses. Cathy Odendaal het 'n hulpdokument ontwikkel wat sal help met die berekening van vergoedingspakkette. Hierdie dokument gaan baie van jou kopsere wegneem wanneer nuwe aanstellings gemaak word asook met begrotingstyd. Dis op die hoofblad onder "Diensverhoudinge/Diensvoordele."

**Openbare Weldaad Organisasie** Ons hoofblad het ook die baie belangrike dokument wat aan kerkkantore en finansiële beamptes versprei is onder "Finansies/SAID" vir die dringende aandag van elke kerkraad.

Die **finansiële state van gemeentes** moes op 15 Junie in gewees het. Baie dankie vir elke gemeente wat hiermee moeite gedoen het. Daar is 'n klompie uitstaande gemeentes – hou asseblief vir Cathy Odendaal – ons Bedryfsbestuurder – ingelig oor die datum waarop dit hier verwag kan word.

**Finansiële state is vir die kerkraad 'n uiters belangrike werksdokument:**

Dit bevestig aan die gemeente dat alles reg verloop het met die finansies.

Dit gee 'n in-diepte perspektief oor die stand van finansies – méér as net 'n banksaldo!

Dis die dokument wat die kerkraad benodig om in die Ontvanger van Inkomste se goeie boekies te bly.

## **VERGADERINGS**

Ons Sinodesitting is op 21 – 23 Oktober 2018. **Geloofsbriewe** moet teen 30 Junie by die Sinodehuis wees asseblief. Kerkrade moet asseblief verseker dat afgevaardigdes die hele sitting sal bywoon. Dis die enigste manier waarop die kerkraad doeltreffend verteenwoordig kan word.

## **GEMEENTES AAN DIE WERK**

[Goeie Afrikaans](#) in die kerk: "aankondig" of "afkondig?"

## **ALGEMENE SINODE**

Uit die kantoor van die Algemene Sinode se Algemene Sekretaris kom 'n skrywe met onder andere die volledige [voorlegging](#) wat namens die NG Kerk gemaak is oor Grondhervorming.

## **GESAMENTLIKE WERK**

[Bybel-Media](#) se **Nuusbrief** word [hier](#) aangeheg. Hierdie week gaan dit oor [LiG](#) en die Kerkbode.

[CLF](#) se Nuusbrief kan [hier](#) gelees word.

**Excelsus** gee meer [inligting](#) oor hul Oggendsimposium: Nancy Schongalla-Bowman. Inskrywingsvorm [hier](#) beskikbaar.

## **ANDER INLIGTING**

**Taizé-gemeenskap** In 2019 word 'n weeklange samekoms van die Taizé-gemeenskap in Kaapstad deur die Algemene Sinode beplan.

Daar word beoog om sowat 6 000 jongmense by die geleentheid te betrek. Die byeenkoms sal fokus op kerkeenheid en die ekumeniese verhoudings. Dit is 'n kosbare geleentheid vir ons jongmense tussen 18-35. [Lees](#) gerus meer.

Die **Bybelgenootskap van Suid-Afrika** laat weet dat hulle verteenwoordiger hier in ons omgewing, Francois Sieberhagen, na die Kaap toe skuif. Charl de Kock, kapelaan gekoppel aan Elarduspark, neem nou hierdie verantwoordelikheid oor. Skakel gerus met [Charl](#) vir navrae oor die belangrike werk waarmee die Bybelgenootskap besig is.

**Brugbediening** word nou al 'n bekende konsep in die NG Kerk. Hierdie week is daar twee stukkies inligting hieroor: 'n [kursus](#) vir die opleiding van leraars vir hierdie bediening, asook 'n [skrywe van Anton Doyer](#) oor die afsterwe van Loren Mead en 'n nuwe Gidsboek.

## **VERJAARSDAE**

**Geluk** aan almal wat tot 18 Junie 2018 verjaar.

### **Gemeentes:**

28 Junie – Witrivier, [kerkkantoor@ngwitrivier.co.za](mailto:kerkkantoor@ngwitrivier.co.za) (77)

30 Junie – Silvertonkruin, [silvertonkruin@absamail.co.za](mailto:silvertonkruin@absamail.co.za) (43)

1 Julie – Elarduspark, [kerkkantoor@ngelarduspark.org.za](mailto:kerkkantoor@ngelarduspark.org.za) (43)

### **Emeriti:**

19 Junie – Lalie Lombaard, CWR Direkteur 2002, [laliebymelkbos@gmail.com](mailto:laliebymelkbos@gmail.com)

30 Junie – Gerrie Doyer, Witrivier 2016, [gerrie@ngwitrivier.co.za](mailto:gerrie@ngwitrivier.co.za)

4 Julie – Manie Crouse, Malelane 2002, [herman.crouse@vodamail.co.za](mailto:herman.crouse@vodamail.co.za)

6 Julie – Bertie Driescher, Kemptonpark-Suurfontein 2000, [bertisa@telkomsa.net](mailto:bertisa@telkomsa.net)

8 Julie – Gawie Conradie, Estcourt 2014,

[nigestcourt@futurenet.co.za](mailto:nigestcourt@futurenet.co.za)

11 Julie – JP Pienaar, Amsterdam 2014, [jppienaar@telkomsa.net](mailto:jppienaar@telkomsa.net)

13 Julie – Sampie Niemand, Meerensenn 2000, [niemand.sampie@gmail.com](mailto:niemand.sampie@gmail.com)

14 Julie – Adriaan van der Wart, Valleisig 2003, [vanderwart@telkomsa.net](mailto:vanderwart@telkomsa.net)

14 Julie – Phillip Venter, Skuilkrans-Pretoria 1995, 082 455 1491

16 Julie – Christo Longland, Goedgegun-Swaziland 2001, [christo@qtnkerk.net](mailto:christo@qtnkerk.net)

### **Predikante:**

20 Junie – Charl Bredell, Premiermyn, [charl.bredell@gmail.com](mailto:charl.bredell@gmail.com)

21 Junie – Arnau van Wyngaard, Shiselweni SRC, [wyngaard@lando.co.za](mailto:wyngaard@lando.co.za)

22 Junie – Tertius Erasmus, Bronkhorstspuit, [erasmus.tertius@gmail.com](mailto:erasmus.tertius@gmail.com)

25 Junie – Nico Swart, Skuilkrans, [nico@skuilkrans.co.za](mailto:nico@skuilkrans.co.za)

1 Julie – Annelize de Wet, kerksondermure, [adewet@ksm.co.za](mailto:adewet@ksm.co.za)

2 Julie – Erik Immelman, Midrand (Halfweghuis), [erikjen@iafrica.com](mailto:erikjen@iafrica.com)

7 Julie – Thinus Prinsloo, Carolina, [mfprinsloo@gmail.com](mailto:mfprinsloo@gmail.com)

9 Julie – Izak Liebenberg, Meyerspark, [ilieb@absamail.co.za](mailto:ilieb@absamail.co.za)

9 Julie – Gawie Malan, Pretoria-Oosterlig, [gglmalan@gmail.com](mailto:gglmalan@gmail.com)

13 Julie – Henk Janse van Rensburg, Pierre van Ryneveld, [henk@pvr.co.za](mailto:henk@pvr.co.za)

14 Julie – Zander van der Westhuizen, Tygerpoort, [zander@ngtyger.com](mailto:zander@ngtyger.com)


15 Julie – Christiaan Ackermann, Silvertonkruin, [christiaanack@gmail.com](mailto:christiaanack@gmail.com)

Groete tot 24 Julie 2018.

***Francois Retief***

***Uitvoerende Amptenaar***

# FAMILIENUUS 342



5 Junie 2018

**Familienuus 342**

## **MET DIE LIG NA DIE GEMEENSAP!**

Die Predikantekonferensie is verby – en wat 'n groot ervaring om te luister na iemand wat die Woord hoog ag. Die Johannesevangelie het vir ons nuwe betekenis gekry.

Ek het weer besef dat alles wat die kerk van die Here doen, moet groei vanuit die Woord van die Here. Daarsonder is ons met ons eie planne en drome besig. Dit is waar van missionale kerkwees, lofprysing, finansiële beplanning en al die ander dinge waarmee ons besig is.

Francois Retief

## **PREDIKANTE**

**Johannesevangelie** Die **lesings** wat deur professor Jan van der Watt in die Wildduin aangebied is, is by die kantoor beskikbaar. Jy gaan nou nie die hiëna hoor roep nie, maar jy gaan vir Johannes hoor praat.

## **ONDERSTEUNING**

**Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting** Dit gebeur soms dat Kerkrade , Ringe en Sinodes gevra word vir inligting uit die notules van vergaderings. Dikwels is dit maklik om te gee want dit is inligting wat in elk geval algemeen bekend is en versprei is deur byvoorbeeld nuusbriewe of afkondigings.

Dit gebeur egter ook dat inligting gevra word wanneer dit gaan oor 'n kerkregtelike saak of dispuut. Hierdie is meer formeel en gewoonlik ook meer sensitief.

Die Sinodale Diensraad het vir sy eie funksionering 'n besluit hieroor geneem en gee dit graag deur aan Kerkrade en Ringe met die wenk om self ook hieroor 'n besluit te neem.

Die Algemene Sinode het vroeër reeds besluit dat die NG Kerk se Argief te Stellenbosch die adres is waarheen korrespondensie in sake hierdie aansoeke gerig moet word.

*"Die Sinodale Diensraad van die NG Kerk Oostelike Sinode besluit dat die proses soos voorgeskryf deur Artikel 53(1) van die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting (Wet 2 van 2000) [Regulasie 4] gevolg moet word deur persone of instansies wat inligting uit die notules van die Sinodale Diensraad of enige van sy diensgroepe wil bekom."*

*"Die Sinodale Diensraad besluit om Ringe en kerkrade te adviseer om 'n gelykluidende besluit ten opsigte van hulle eie dokumente te neem."*

[www.sinoos.co.za](http://www.sinoos.co.za) – ons hoofblad bevat belangrike inligting vir elke gemeente wat wil beroep. Onder "**Diensverhoudinge/diensooreenkomste**" is daar ook hulpdokumente wat help met die proses. Cathy Odendaal het 'n hulpdokument ontwikkel wat sal help met die berekening van vergoedingspakkette. Hierdie dokument gaan baie van jou kopsere wegneem wanneer nuwe aanstellings gemaak word asook met begrotingstyd. Dis op die hoofblad onder "Diensverhoudinge/Diensvoordele."

**Openbare Weldaad Organisasie** Ons hoofblad het ook die baie belangrike dokument wat aan kerkkantore en finansiële beamptes versprei is onder "Finansies/SAID" vir die dringende aandag van elke kerkraad.

Die **finansiële state van gemeentes** begin nou vinniger inkom – dankie vir die moeite wat elkeen hiermee doen. Onthou dat hierdie 'n baie belangrike dokument is vir die bestuur van die gemeente. Maak seker dat die finansiële kommissie dit deeglik bestudeer met die oog op toekomstige finansiële beplanning. **Die sperdatum is 15 Junie.**

## **VERGADERINGS**

Ons Sinodesitting is op 21 – 23 Oktober 2018. **Geloofsbriewe** moet teen 30 Junie by die Sinodehuis wees asseblief.

Die Ring van Lydenburg se Ringsitting is 9 Junie te Graskop

Die Ring van Laeveld se Ringsitting is 18 Junie te Kampersrus.

## **GEMEENTES AAN DIE WERK**

Tydens 'n vergadering word opgemerk dat op elke kerkraadsvergadering gevra moet word "hoe gaan dit in ons gemeenskap?" Vra die mense wat weet: die skoolhoofde, die CMR, dokters en die polisie. 'n Missionale kerk moet wéét hoe dit buite die kerkdeure gaan...

**Witrivier se 40 dae projek** "6 weke in Jesus se geselskap" skop



einde Julie af. Die volledige program kan [hier](#) afgelaai word.

## **GESAMENTLIKE WERK**

[Bybel-Media](#) se Nuusbrief word [hier](#) aangeheg. Dit bevat inligting oor hulle produkte oor die doop.

[CLF](#) se Nuusbrief kan [hier](#) gelees word.

Die **CMR** het weer vir ons 'n [verhaal](#) gestuur – ons hoor graag van hierdie vennoot!

## **ANDER INLIGTING**

**Comrades 2018** Sterkte aan al Oostelike Sinode se Comrades-atlete! Met die af-Comrades is die belangrike om te onthou dat daar gelukkig na elke lang afdraande 'n bult is! Vasbyt! Ons hoor graag hoe dit gegaan het.

'n **VONKK-opedag** word op Saterdag 9 Junie in Pretoria gehou vir almal wat hierdie liedere gebruik in die bediening. Besonderhede van die geleentheid is [hier](#) beskikbaar.

**Taizé-gemeenskap** In 2019 word 'n weeklange samekoms van die Taizé-gemeenskap in Kaapstad deur die Algemene Sinode beplan. Daar word beoog om sowat 6 000 jongmense by die geleentheid te betrek. Die byeenkoms sal fokus op kerkeenheid en die ekumeniese verhoudings. Dit is 'n kosbare geleentheid vir ons jongmense tussen 18-35. [Lees](#) gerus meer.

## **EMERITI**

Theo Maré ([cormare@gmail.com](mailto:cormare@gmail.com)) se vrou, Coreen, is op 28 Mei oorlede. Ons dra hom en sy familie in ons gebede.

## **VERJAARSDAE**

**Geluk** aan almal wat tot 18 Junie 2018 verjaar.

**Gemeentes:**

8 Junie -Groblersdal, [kantoor@lantic.net](mailto:kantoor@lantic.net) (78)

8 Junie – Phalaborwa, [ngkphala@gmail.com](mailto:ngkphala@gmail.com) (57)

10 Junie -Goedgegun-Swaziland, [nggoedgegun@swazi.net](mailto:nggoedgegun@swazi.net) (96)

13 Junie – Kampersrus, [deogloriakerk@gmail.com](mailto:deogloriakerk@gmail.com) (59)

18 Junie – Witbank-Suid, [ngkwsuid@lantic.net](mailto:ngkwsuid@lantic.net) (64)

**Emeriti:**

14 Junie – Francois Botha, Ermelo-0os 2013,  
[afrancoisb@gmail.com](mailto:afrancoisb@gmail.com); [sa.tpsa@gmail.com](mailto:sa.tpsa@gmail.com)

18 Junie – Jan van Zyl, Nelspruit-Westergloed 2006,  
[marthavz@vodamail.co.za](mailto:marthavz@vodamail.co.za)

18 Junie – Pieter de Kock, Memel 2001,  
[pieterd@villagemail.co.za](mailto:pieterd@villagemail.co.za)

**Predikante:**

11 Junie – Eliska Muller, Nelspruit-Westergloed,  
[eliska@westergloed.co.za](mailto:eliska@westergloed.co.za)

14 Junie – Dion van Dyk, Morgenzon, [dionvdyk@mweb.co.za](mailto:dionvdyk@mweb.co.za)

14 Junie – Antoinette Wilson, Lydenburg-Suid,  
[antoinette.wilson@telkomsa.net](mailto:antoinette.wilson@telkomsa.net)

16 Junie – Hennie De Vos, Rietkuil, [hjddevos@gmail.com](mailto:hjddevos@gmail.com)

16 Junie – Gerrit Vosloo, Ermelo, [gerritvosloo@yahoo.com](mailto:gerritvosloo@yahoo.com)

Groete tot 19 Junie 2018.

***Francois Retief***

***Uitvoerende Amptenaar***

[uitamp@sinoos.co.za](mailto:uitamp@sinoos.co.za)

---

# **FAMILIENUUS 341**

22 Mei 2018

## **Familienuus 341**

### **MET DIE LIG NA DIE GEMEENSKAP!**

Pinkster help ons om weer die belangrikheid van ons getuienis te sien. Die verhaal van die vroeë kerk is een van vertel en leef en doen – want dit is waarvoor Jesus ons gestuur het: om met die krag van die Gees te getuig!

Gemeentes is besig hiermee op baie verskillende wyses: evangelisasieprojekte, uitreike, noodverligting, opheffing, herstel van verhoudinge, begeleiding van jongmense en kinders en die ondersteuning van bejaardes. En hierdie is maar nog net die begin van die lysie...

Dit alles groei uit 'n nuwe manier van wees – ons het in ons harte verander, ons dink en praat en droom nuut. Die Gees van die Here rus ons toe, spoor ons aan en gee ons drome.

Wat 'n voorreg om gemeente van die Here te wees!

Francois Retief

–oo00oo–

**PREDIKANTE**

Proponent Johan Koen, tans jeugwerker by Nelspruit-Suid, het 'n beroep as leraar ontvang na Hoopstad.

## **GEMEENTES**

Lynnwoodrif het vir Gert van der Merwe van Boksburg-Oos beroep.

## **PROJEKTE**

Die eerste groep leraars wat ingeskryf het vir die **Geloofsreis saam met Gys van Schoor** het nou reeds die tweede rondte se kontaksessies gehad. Daar is in totaal 6 sulke sessies oor 3 jaar versprei. Die terugvoer wat ons hieroor ontvang, is inspirerend. Leraars vanuit Goudland Sinode het by ons aangesluit – en dit maak die interaksie sommer net nog beter.

Die moontlikheid om hierdie Geloofsreis met 'n nuwe groep leraars te begin, word tans ondersoek. Daar is ook belangstelling vanaf die Hervormde Kerk asook Sinode Goudland om saam met ons hiervan deel te wees. Ons benodig name en getalle om die finale besluit hieroor te kan neem. Skakel gerus vir Tersia Petzer by die Sinodehuis 012-804 9543 of [ontvangs@sinoos.co.za](mailto:ontvangs@sinoos.co.za) vir verdere inligting.

Volgende week hierdie tyd is ons jaarlikse **Predikantekonferensie** by Letaba in volle swang! Ons gasspreker is prof Jan van der Watt en hy gaan ons begelei deur die Johannes-evangelie.

Alle leraars wat ingeskryf het, het Maandag 'n e-pos ontvang met die besprekingsnommer, inligting oor die toegangsgelde wat per dag betaalbaar is (of met jou Wildcard) asook die reëlins vir ons saamkuier Maandagaand.

Vir die gemeentes: moenie bekommer nie – die dominees gaan werk ook. Prof Jan gee 'n paar notas in ons e-pos – moenie die een oor die Griekse Nuwe Testament mis nie! (Kan iemand help met 'n Totius-vertaling?)

## ONDERSTEUNING

[www.sinoos.co.za](http://www.sinoos.co.za) – ons hoofblad bevat belangrike inligting vir elke gemeente wat wil beroep. Onder "**Diensverhoudinge/diensooreenkomste**" is daar ook hulpdokumente wat help met die proses. Cathy Odendaal het 'n hulpdokument ontwikkel wat sal help met die berekening van vergoedingspakkette. Hierdie dokument gaan baie van jou kopsere wegneem wanneer nuwe aanstellings gemaak word asook met begrotingstyd. Dis op die hoofblad onder "Diensverhoudinge/Diensvoordele."

**Openbare Weldaad Organisasie** Ons hoofblad het ook die baie belangrike dokument wat verlede week hieroor aan kerkkantore en finansiële beamptes versprei is onder "Finansies/SAID" vir die dringende aandag van elke kerkraad.

Baie dankie aan elke gemeente wat reeds die kwartaal (Maart tot Mei) se **sinodale bydraes** oorbetaal het. **Onthou asseblief om julle gemeente se totale bydrae vir hierdie kwartaal teen 31 Mei oor te betaal.** Kontak ons **Bedryfsbetuurder Cathy Odendaal** by [finans@sinoos.co.za](mailto:finans@sinoos.co.za) met navrae. Ons help graag.

Die **finansiële state van gemeentes** begin nou vinniger inkom – dankie vir die moeite wat elkeen hiermee doen. Onthou dat hierdie 'n baie belangrike dokument is vir die bestuur van die gemeente. Maak seker dat die finansiële kommissie dit deeglik bestudeer met die oog op toekomstige finansiële beplanning.

Die **Handelinge van ons Voetsoolsinodesittings** is op ons [webwerf](#) beskikbaar. Gebruik dit vir die voortgaande gesprek oor julle gemeente se missionale kerkwees.

Vir die aandag van ons **Finansiële Beamptes in die kerkkantore:** 31 Mei is die sperdatum vir die rekonsiliasie van alle werknemers van die gemeente se LBS en WVF-oorbetalings. Die uitkoms hiervan is die IRP5-dokumente wat aan elkeen voorsien moet word.

## VERGADERINGS

Dit raak nou al bekende nuus maar ons gee dit weer omdat dit so belangrik is: ons hou **Sinodesitting** op 21 – 23 Oktober 2018. Hier is belangrike inligting oor die geleentheid: Ons het reeds op 12 April vir gemeentes hiervan kennis gegee en die **geloofsbriewe** aangeheg. Dis ook beskikbaar by hierdie [skakel](#). **Prof Marius Nel van die Universiteit van Stellenbosch** gaan ons begelei om 'n baie belangrike konsep oor missionale kerkwees ons eie te maak: die koninkryk van God. Ons sien met groot opgewondenheid hierna uit. Die lys van beskikbare **gastehuse** is aan kerkkantore deurgegee. Ons heg dit weer [hier](#) aan. Afgevaardigdes wat **spesiale eetbehoefte**s het, moet dit saam met die geloofsbriewe aandui sodat ons spyseniers daarvoor voorsiening kan maak.

Die **Ring van Pretoria-Faerie Glen** vergader 5 Junie by Lux Mundi.

## GEMEENTES AAN DIE WERK

Gemeentes het soms baie uitdagings as dit gaan oor die **musiek in die erediens**. Bybel-Media het 'n rekenaarprogram ontwikkel wat ons hiermee kan help. Dit is gefokus op gemeentes wat nie 'n orrelis of begeleierspan het nie maar van "backtracks" afhanklik is vir die begeleiding. Bybel-Media bied 'n kursus in die gebruik van die program aan – en ons hoor graag of daar in Oostelike Sinode hiervoor aanvraag is. Die program laat jou toe om die tempo, toonhoogte en dergelike by julle eie behoeftes te kan aanpas. Die koste is R750 per gemeente waarvoor julle dan 20 "backtracks" ontvang asook kreatiewe moontlikhede vir die gebruik hiervan. Ons reken dat 'n sentrale punt vir die kursus waarskynlik die Middelburg-omgewing is maar ons hoor graag wie belangstel. Laat weet vir Tersia by [ontvangs@sinoos.co.za](mailto:ontvangs@sinoos.co.za) voor 30 Mei.

## ALGEMENE SINODE

**Grondhervorming** is groot in die nuus – en die NG Kerk is deel

van die gesprek. In [Kerkbode](#) gee Nelis Janse van Rensburg 'n perspektief op hierdie saak.

Die hofsaak oor **selfdegeslagverhoudings** kom nader – en [Kerkbode](#) gee ook hieroor inligting. Dit sluit die verklaring van die Moderamen in wat sekere wanvoorstellings in die pers aanspreek.

## GESAMENTLIKE WERK



[Bybel-Media](#) se **Nuusbrief** word [hier](#) aangeheg.



[CLF](#) se Nuusbrief kan [hier](#) gelees word.



[Sentrum vir Kontekstuele Bediening](#) bied 'n kursus aan oor **Brugbediening** deur prof Malan Nel. Meer inligting [hier](#). Lees ook [nuusbrief](#) 2 wat ons van Anton Doyer ontvang het.

## VERJAARSDAE

**Geluk** aan almal wat tot 4 Junie 2018 verjaar.

### Gemeentes:

29 Mei – Meyerspark, [ngmeyersparkfin@absamail.co.za](mailto:ngmeyersparkfin@absamail.co.za) (59)

3 Junie – Volksrust, [ngkerk@volksrust.com](mailto:ngkerk@volksrust.com) (108)

4 Junie – Olifantsfontein, [oliesng@gmail.com](mailto:oliesng@gmail.com) (70)

### Emeriti:

23 Mei – Floors Ellis, Meyerspark 2008, [floorsellis@lantic.net](mailto:floorsellis@lantic.net)

23 Mei – Nita van der Merwe, CWR Direkteur 2008

29 Mei – Johan Smit, Lyttelton-00s 2003, [smittiesnr@hotmail.com](mailto:smittiesnr@hotmail.com)

30 Mei – Janus Roux, Elarduspark 2014, [janusroux@globex.co.za](mailto:janusroux@globex.co.za)  
3 Junie – Gert Janse van Rensburg, Kimberley-Vooruitsig 1994,  
[gertjvr@telkomsa.net](mailto:gertjvr@telkomsa.net)

**Predikante:**

22 Mei – Willem Nortjé, Komatipoort, [ngkomati@mweb.co.za](mailto:ngkomati@mweb.co.za)  
22 Mei – Marius Swart, Nelspruit-Westergloed,  
[marius.swart1@gmail.com](mailto:marius.swart1@gmail.com)  
26 Mei – Doret Niemandt, Valleisig, [doretmuller@gmail.com](mailto:doretmuller@gmail.com)  
29 Mei – Karin Steyn, Tygerpoort, [bosch.karin@gmail.com](mailto:bosch.karin@gmail.com)

**Personeel:**

27 Mei – Tersia Petzer, Oostelike Sinode,  
[ontvangs@sinoos.co.za](mailto:ontvangs@sinoos.co.za)

Groete tot 5 Junie 2018.

***Francois Retief***  
***Uitvoerende Amptenaar***  
[uitamp@sinoos.co.za](mailto:uitamp@sinoos.co.za)

---

## **FAMILIENUUS 440**





8 Mei 2018

## Familienuus 340

### **MET DIE LIG NA DIE GEMEENSKAP!**

Lukas vertel hoedat Jesus met sy dissipels praat oor die dinge van die koninkryk van God. Hy leer hulle wat vir God belangrik is. Hy inspireer hulle om – met die krag van die Heilige Gees – die koninkryk van God te laat aanbreek in die hele wêreld.

En hulle besorgdheid? Ons koninkryk. Wat van óns verwagting? Wat van óns idee oor die Messias? Wanneer kom óns aan die beurt? Dit gaan tog eintlik oor óns?

Ek vermoed Jesus het moedeloos gesug toe Hy hierdie hoor. "Wat moet Ek nog doen om hulle te oortuig dat dit oor God gaan?" het Hy dalk gewonder. "Drie jaar se onderrig deur my lewe en my woorde en die wonders, sterf aan 'n kruis, staan op die derde dag weer op – wat nog?"

Ons is nie veel anders as die dissipels nie. "Ek, my gemeente, ons belange, ons voorkeure en afkeure, ons perspektief..."

Pinkster 2018 wil ons anders vorm. "Julle sal krag ontvang as die Heilige Gees van julle lewens beheer neem – Hy sal julle anders maak, Hy sal julle losmaak van julleself en Hy sal julle stuur die wêreld in. Hy sal julle leer wat om te sê en te doen..."

Geseënde Pinkster!

Francois Retief

**PREDIKANTE**

Wielie van Wyk emeriteer op 31 Mei by Middelburg-Suid. Hy ontvang sy Akte van Emeritaat op 20 Mei.

PC Pretorius van Fochville-Noord word op 20 Mei tydens die aanddiens by Moreletapark as leraar bevestig.

Op Malelane het Natasha Nel en haar man, Johan, die trotse ouers van De Wet en Christiaan geword. Baie geluk!

Baie geluk aan emeritus-kollega Petrus Moolman met die toekenning van 'n doktorsgraad. Dit wil gedoen wees!

## **GEMEENTES**

Die **Handelinge van ons Voetsoolsinodesittings** is op ons webwerf beskikbaar. Gebruik dit vir die voortgaande gesprek oor julle gemeente se missionale kerkwees.

## **PROJEKTE**

Die jaarlikse **Herfskonferensie vir die vroue** van Oostelike Sinode vind op 19 Mei by Skuilkrans plaas. Michiel van der Merwe is vanjaar se spreker. Lees [meer](#) oor hom asook die program van die dag.

Die eerste groep leraars wat ingeskryf het vir die **Geloofsreis saam met Gys van Schoor** het nou reeds die tweede rondte se kontaksessies gehad. Daar is in totaal 6 sulke sessies oor 3 jaar versprei. Die terugvoer wat ons hieroor ontvang, is inspirerend. Leraars vanuit Goudland Sinode het by ons aangesluit – en dit maak die interaksie sommer net nog beter.

**Die moontlikheid om hierdie Geloofsreis met 'n nuwe groep leraars te begin, word tans ondersoek.** Daar is ook belangstelling vanaf die Hervormde Kerk asook Sinode Goudland om saam met ons hiervan deel te wees. Ons benodig name en getalle om die finale besluit hieroor te kan neem. Skakel gerus vir Tersia Petzer by die Sinodehuis 012-804 9543 of [ontvangs@sinoos.co.za](mailto:ontvangs@sinoos.co.za) vir verdere inligting.

## ONDERSTEUNING

[www.sinoos.co.za](http://www.sinoos.co.za) – ons hoofblad bevat belangrike inligting vir elke gemeente wat wil beroep. Onder "Diensverhoudinge/diensooreenkomste" is daar ook hulpdokumente wat help met die proses. Cathy Odendaal het 'n hulpdokument ontwikkel wat sal help met die berekening van vergoedingspakkette. Hierdie dokument gaan baie van jou kopsere wegneem wanneer nuwe aanstellings gemaak word asook met begrotingstyd. Dis op die hoofblad onder "Diensverhoudinge/Diensvoordele."

Baie dankie aan elke gemeente wat reeds die kwartaal (Maart tot Mei) se **sinodale bydraes oorbetaal het. Kontak ons Bedryfsbetuurder Cathy Odendaal by [finans@sinoos.co.za](mailto:finans@sinoos.co.za) met navrae. Ons help graag.**

Die **finansiële state van gemeentes** begin nou vinniger inkom – dankie vir die moeite wat elkeen hiermee doen. Onthou dat hierdie 'n baie belangrike dokument is vir die bestuur van die gemeente. Maak seker dat die finansiële kommissie dit deeglik bestudeer met die oog op toekomstige finansiële beplanning.

Leraars wat lede is van **Bestmed** het reeds skrywes per e-pos ontvang oor die verkiesing van trustees. Jy stem ook elektronies. [Aangeheg](#) is die besonderhede hieroor.

Vir die aandag van ons **Finansiële Beampies in die kerkkantore:** 31 Mei is die sperdatum vir die rekonsiliasie van alle werknemers van die gemeente se LBS en WVF-oorbetalings. Die uitkoms hiervan is die IRP5-dokumente wat aan elkeen voorsien moet word.

**Rekenaars breek – of iemand steel dit.** Dis maklik om die rekenaar te vervang – julle versekering sal hiervoor sorg. Die groter vraag is: wat van die data op die rekenaar? Maak asseblief baie seker dat julle hierdie data ook elders baie veilig gebêre het. Daar is baie moontlikhede om dit deesdae te doen – maar iemand moet dit nog steeds beplan en bestuur. Hier

is dit regtig 'n geval van "spyt kom te laat..."

## **VERGADERINGS**

Ons herinner weer aan ons Sinodesitting op 21 – 23 Oktober 2018. Hier is belangrike inligting oor die geleentheid:

Ons het reeds op 12 April vir gemeentes hiervan kennis gegee en die **geloofsbriewe** aangeheg. Dis ook beskikbaar by hierdie [skakel](#).

**Prof Marius Nel van die Universiteit van Stellenbosch** gaan ons begelei om 'n baie belangrike konsep oor missionale kerkwees ons eie te maak: die koninkryk van God. Ons sien met groot opgewondenheid hierna uit.

Die lys van beskikbare **gastehuse** is aan kerkkantore deurgegee. Ons heg dit weer [hier](#) aan.

Afgevaardigdes wat **spesiale eetbehoefte**s het, moet dit saam met die geloofsbriewe aandui sodat ons spyseniers daarvoor voorsiening kan maak.

## **GEMEENTES AAN DIE WERK**

Gemeentes het soms baie uitdagings as dit gaan oor die **musiek in die erediens**.

Bybel-Media het 'n rekenaarprogram ontwikkel wat ons hiermee kan help. Dit is gefokus op gemeentes wat nie 'n orrelis of begeleierspan het nie maar van "backtracks" afhanklik is vir die begeleiding.

Bybel-Media bied 'n kursus in die gebruik van die program aan – en ons hoor graag of daar in Oostelike Sinode hiervoor aanvraag is. Die program laat jou toe om die tempo, toonhoogte en dergelike by julle eie behoeftes te kan aanpas.

Die koste is R750 per gemeente waarvoor julle dan 20 "backtracks" ontvang asook kreatiewe moontlikhede vir die

gebruik hiervan. Ons reken dat 'n sentrale punt vir die kursus waarskynlik die Middelburg-omgewing is maar ons hoor graag wie belangstel. Laat weet vir Tersia by [ontvangs@sinoos.co.za](mailto:ontvangs@sinoos.co.za)

## **GESAMENTLIKE WERK**

[Bybel-Media](#) se **Nuusbrief** word [hier](#) aangeheg. Daar is inligting oor die Kerkbode, LiG asook [Moedersdag-geskenke](#).

[CLF](#) se webwerf gee inligting oor [Moedersdag-publikasies](#).

**Missie Japan se Nuusflits** word [hier](#) aangeheg. Kom ons onthou hierdie bediening in ons voorbidding.

**Professor Malan Nel** neem weer 'n aantal predikante na die VSA. Hy skryf volledig hieroor – asook oor die waarde hiervan – in die [dokument](#) wat ons aanheg.

## **VERJAARSDAE**

**Geluk** aan almal wat tot 21 Mei 2018 verjaar.

### **Gemeentes:**

11 Mei – Nooitgedacht, [ngnoot@gmail.com](mailto:ngnoot@gmail.com) (42)

12 Mei – Kerksondermure, [fschoombee@ksm.co.za](mailto:fschoombee@ksm.co.za) (32)

14 Mei – Midrand (Halfweghuis),  
[saakgelastigde@ngkerkmidrand.co.za](mailto:saakgelastigde@ngkerkmidrand.co.za) (49)

19 Mei – Tzaneen-Wolkberg, [ngwolk@mweb.co.za](mailto:ngwolk@mweb.co.za) (42)

20 Mei – Dennesig, [dennesig@xsinet.co.za](mailto:dennesig@xsinet.co.za) (27)

### **Emeriti:**

8 Mei – Danie Dreyer, Tygerpoort 2016, [daniedr@ngtyger.com](mailto:daniedr@ngtyger.com)

12 Mei – Barend Piek, Worcester 2006, [beertjie@polka.co.za](mailto:beertjie@polka.co.za)

13 Mei – Petrus Moolman, Ligkruis 2015, [lafras@mweb.co.za](mailto:lafras@mweb.co.za)

18 Mei – Frans Conradie, Florida 2003, [franscon@lantic.net](mailto:franscon@lantic.net)

19 Mei – Jannie van Eeden, Groblersdal 2013,  
[dsveeden@lantic.net](mailto:dsveeden@lantic.net)

### **Predikante:**


11 Mei – Van Wyk Fischer, Silvertonkruin,  
[vanwykfischer@gmail.com](mailto:vanwykfischer@gmail.com)  
12 Mei – Wielie van Wyk, Middelburg-Suid, [wielie@midsuid.co.za](mailto:wielie@midsuid.co.za)  
13 Mei – Eduan Naude, Lyttelton, [eduannaude@absamail.co.za](mailto:eduannaude@absamail.co.za)  
15 Mei – Louis Fourie, Marble Hall,  
[louisfourie2008@hotmail.com](mailto:louisfourie2008@hotmail.com)  
17 Mei – Jean Strydom, Nelspruit-Suid,  
[jean@ngnelspruitsuid.co.za](mailto:jean@ngnelspruitsuid.co.za)  
18 Mei – Sebastiaan van Dyk, Lux Mundi,  
[svandyk@luxmundi.org.za](mailto:svandyk@luxmundi.org.za)  
21 Mei – Sas Conradie, Pretoria-Oosterlig, [ggncoord@gmail.com](mailto:ggncoord@gmail.com)

Groete tot 22 Mei 2018.

**Francois Retief**  
**Uitvoerende Amptenaar**  
[uitamp@sinoos.co.za](mailto:uitamp@sinoos.co.za)

---

## FAMILIENUUS 339



24 April 2018

**Familienuus 339**

**MET DIE LIG NA DIE GEMEENSAP!**

Die nuwe taal van missionale kerkwees kom eintlik al van baie

ver terug in ons geskiedenis. Ons gelowige voorouers het al verstaan van "met die Lig na die gemeenskap." Gaan lees maar die verhale van sendinghospitale, kinderhuise, skole en ouetehuse wat deur die NG Kerk tot stand gekom het. Dis deel van ons geloofswortels om "nie ter wille van onself nie" kerk te wees.

Dis vir só 'n kerk dat die opgestane Jesus Christus in Paastyd sê: "aan My behoort alle mag in die hemel en op die aarde" en "Ek is met julle, al die dae, tot aan die voleinding van die wêreld."

Waarvoor wag ons?

Francois Retief

—oo0oo—

## **PREDIKANTE**

PC Pretorius van Fochville-Noord het die beroep na **Moreletapark** aanvaar.

## **GEMEENTES**

Die **Handelinge van ons Voetsoolsinodesittings** is op ons webwerf beskikbaar. Gebruik dit vir die voortgaande gesprek oor julle gemeente se missionale kerkwees.

Maak 'n aantekening in jul Jaarboeke dat **Badplaas** se telefoonnommer moet wees 071 277 8124.

## **PROJEKTE**

Die jaarlikse **Herfskonferensie vir die vroue** van Oostelike Sinode vind op 19 Mei by Skuilkrans plaas. Michiel van der Merwe is vanjaar se spreker. Lees [meer](#) oor hom asook die program van die dag.

## **ONDERSTEUNING**

[www.sinoos.co.za](http://www.sinoos.co.za) – ons hoofblad bevat nou ook skakels na eKerkbode, CMR Gauteng-Oos asook CMR Mpumalanga.

'n Skrywe met die besonderhede van hierdie kwartaal (Maart – Mei) se **Sinodale Bydraes** is op 19 Maart uitgestuur. Let asseblief op dat hierdie 'n voorlopige bedrag is gegrond op die vorige jaar se syfers. Ons kan die finale bedrag vir 2018/2019 eers bereken as die finansiële state van 2017/2018 almal in is. Kontak Cathy Odendaal by [finans@sinoos.co.za](mailto:finans@sinoos.co.za) met navrae. Ons help graag.

Die kantore van die Sinodehuis sal op Maandag 30 April gesluit wees.

## VERGADERINGS


Maak seker dat **21 – 23 Oktober 2018** duidelik op julle kalender aangeteken is. Dis dan **Oostelike Sinode se sitting**. Hier is belangrike inligting oor die geleentheid:

Ons het reeds op 12 April vir gemeentes hiervan kennis gegee en die **geloofsbriewe** aangeheg. Dis ook beskikbaar by hierdie [skakel](#).

Die lys van beskikbare **gastehuse** is aan kerkkantore deurgegee. Ons heg dit weer [hier](#) aan.

Afgevaardigdes wat **spesiale eetbehoefte** het, moet ons asseblief so gou moontlik laat weet sodat ons spyseniers daarvoor voorsiening kan maak. (dis nou nie as jy broccoli wil ruil vir KFC nie!)

## GESAMENTLIKE WERK

 [Bybel-Media](#) se **Nuusbrief** word [hier](#) aangeheg. Daar is inligting oor die Mei-uitgawe van LiG en die Liedboek van die Kerk. Hulle Pinkster-produkte word oor bekendgestel.





CLF heg 'n kort skrywe aan (23 – 27 April).

**Missie Japan se Nuusflits** word hier aangeheg. Kom ons onthou hierdie bediening in ons voorbidding.

**HEFSIBA INSTITUTO SUPERIOR CRISTÃO (HEFSIBA INSTITUTE FOR CHRISTIAN HIGHER EDUCATION)** is die opleidinginstansie van die **IGREJA REFORMADA EM MOÇAMBIQUE (IRM)** in Mosambiek.

Oostelike Sinode loop reeds vir baie jare 'n pad met Hefsiba. Vanjaar kon ons finansiële bydrae Hefsiba help om 'n fotokopieërmasjien aan te skaf. Vir ons klink dit soos min, maar vir hulle is dit 'n reuse geskenk. Ons doen dit graag, want daar is mense wat deur die Here geroep is om onder baie uitdagende omstandighede predikante op te lei om die Evangelie van Jesus Christus te verkondig.

Hulle het 'n skrywe en 'n paar foto's gestuur om dankie te sê – dit was vir ons lekker om dit te kon gee.

**Carl Louwrens** van Krugerwildtuin is ons kontakpersoon met die IRM. Ons oorweeg 'n besoek later in die jaar. Laat weet vir Tersia by [ontvangs@sinoos.co.za](mailto:ontvangs@sinoos.co.za) as jy wil saamgaan.

## **NOVO VENNOOTSKAP**

Onthou die vergadering van die **Novo Vennootskap** op **8 Mei, Skuilkrans NG Gemeente om 8:30 vir 09:00**. Gemeentes wat in Mosambiek betrokke is word uitgenooi om verteenwoordigers te stuur na die jaarlikse vergadering van die Novo Vennootskap.

Kerkleiers van die IRM bring ons op hoogte van die situasie in Mosambiek en fokus in besonder op die werk van die Igreja de Reformada em Moçambique, Novo Sinode.

Hierdie is 'n besondere geleentheid om bande te smee met

leraars van die IRM en kontak te maak met ander gemeentes wat ook in Mosambiek werk. Nooi gerus almal waarvan julle bewus is wat in Mosambiek betrokke is uit na die byeenkoms. Bevestig asseblief so spoedig moontlik by [crl@telkomsa.net](mailto:crl@telkomsa.net) wie die vergadering sal bywoon, aangesien ons kollegas uit Mosambiek heelwat reëlins moet tref vir hulle koms na SA.

## **VERJAARSDAE**

**Geluk** aan almal wat tot 7 Mei 2018 verjaar.

### **Gemeentes:**

24 April – Nelspruit-Westergloed, [admin@westergloed.co.za](mailto:admin@westergloed.co.za) (44)

30 April – Amsterdam, [ngamsterdam@vodamail.co.za](mailto:ngamsterdam@vodamail.co.za) (108)

2 Mei – Ligkruis, [ngligkruis@telkomsa.net](mailto:ngligkruis@telkomsa.net) (36)

4 Mei – Laeveld, [dewaldrika@telkomsa.net](mailto:dewaldrika@telkomsa.net) (89)

6 Mei – Belfast, [ngkbelfast@lantic.net](mailto:ngkbelfast@lantic.net) (119)

### **Emeriti:**

2 Mei – Andre Venter, Doornkloof 2010, [denventer@absamail.co.za](mailto:denventer@absamail.co.za)

3 Mei – Francois Fourie, Pretoria-Oosterlig 2011, [fouriefrancois@telkomsa.net](mailto:fouriefrancois@telkomsa.net)

5 Mei – Adrio König, Prof Unisa Sistematiese Teologie 1996, [adk@3gi.co.za](mailto:adk@3gi.co.za)

### **Predikante:**

24 April – Ivan Skinner, kerksondermure, [ivan@veritascollege.org](mailto:ivan@veritascollege.org)

26 April – Ben Blom, Belfast, [benblom@me.com](mailto:benblom@me.com)

26 April – Janlu Kuyler, Moreletapark, [janlu@moreleta.co.za](mailto:janlu@moreleta.co.za)

27 April – Casper Booy, Middelburg-Kanonkop, [chbooy@telkomsa.net](mailto:chbooy@telkomsa.net)

29 April – Manie Groenewald, Lyttelton-Oos, [maniegm@gmail.com](mailto:maniegm@gmail.com)

1 Mei – Kobus de Leeuw, Middelburg-Suid, [kobus@midsuid.co.za](mailto:kobus@midsuid.co.za)

3 Mei – Nelis Lindeque, Doornkloof, [cjl@mweb.co.za](mailto:cjl@mweb.co.za)

4 Mei – Jaco van Niekerk, Ermelo,  
[jacovanniekerk.ermelo@gmail.com](mailto:jacovanniekerk.ermelo@gmail.com)

5 Mei – Jan Potgieter, Belfast, [janhendrik@lantic.net](mailto:janhendrik@lantic.net)

5 Mei – Dewald Vermaak, Laeveld, [dewaldrika7@gmail.com](mailto:dewaldrika7@gmail.com)

**Personeel:**

**24 April** – Cathy Odendaal, Bedryfsbestuurder,  
[finans@sinoos.co.za](mailto:finans@sinoos.co.za)

Groete tot 8 Mei 2018.

***Francois Retief***


***Uitvoerende Amptenaar***

[uitamp@sinoos.co.za](mailto:uitamp@sinoos.co.za)



---

## **FAMILIENUUS 338**



10 April 2018

## Familienuus 338

### **MET DIE LIG NA DIE GEMEENSKAP!**

Dis Paastyd! Ons kan leef vanuit die opstanding van Jesus Christus. Ons kan dien en werk en preek en omgee omdat ons 'n Lewende Here het. Mag hierdie voorreg jou telkens oorweldig...

Francois Retief

—oo0oo—

### **PREDIKANTE**

**Lieze Meiring** word op 15 April by Elarduspark bevestig.

**Christiaan Ackermann** het op 1 April by Silvertonkruin diens aanvaar as vastetermyneraar.

**Manie Groenewald** het die beroep na **Lyttelton-Oos** aanvaar en is op 8 April daar bevestig.

**Moreletapark** het vir PC Pretorius van Fochville-Noord beroep.

**Yolande Steenkamp** het op 28 Februarie demissie ontvang by Lyttelton met die verstryking van haar diensooreenkoms.

**Karin en Johan Steyn** van Tygerpoort het op 19 Maart 'n babadogter ryker geword. Baie geluk met Nina!

### **GEMEENTES**

Die [Handelinge](#) van ons Voetsoolsinodesittings is op ons webwerf beskikbaar. Gebruik dit vir die voortgaande gesprek oor julle gemeente se missionale kerkwees.

Ons het 'n vorige keer die **NCLS-navorsing** hier bekend gestel. Ons doen dit weer want hierdie is 'n uitstekende hulpmiddel vir gemeentes. Jy gaan jou gemeente leer ken op 'n vlak wat andersins nie sommer moontlik is nie – en dit met data wat geverifieer en wetenskaplik verantwoordbaar is. Niks van "die mense sê..." nie!

Oorweeg dit asseblief om hieraan deel te neem – ons heg Lourens Bosman se skrywe met al die inligting weer [hierby](#) aan.

## **PROJEKTE**

Die jaarlikse Herfskonferensie vir die vroue van Oostelike Sinode vind op 19 Mei by Skuilkrans plaas. Dis altyd 'n mooi geleentheid. Lees [hier](#) meer oor die dag.

## **#imagine 2018**

Herman Matthee gee vir ons [terugvoer](#) oor die afgelope naweek se byeenkomste wat landswyd plaasgevind het.

## **ONDERSTEUNING**

[www.sinoos.co.za](http://www.sinoos.co.za) – kry op ons webwerf die elektroniese weergawe van Familiereëls 2016 asook die NG Kerk se Kerorde 2015.

Die Excel-dokument wat vir die **2017/2018 finansiële state** gebruik moet word, is vroeër reeds aan kerkkantore gestuur. Dis die enigste weergawe wat gemeentes moet gebruik. Maak seker dat die persoon wat die state opstel, hierdie dokument het. Dit is ook op ons webwerf beskikbaar.

'n Skrywe met die besonderhede van hierdie kwartaal (Maart – Mei) se **Sinodale Bydraes** is op 19 Maart uitgestuur. Let

asseblief op dat hierdie 'n voorlopige bedrag is gegrond op die vorige jaar se syfers. Ons kan die finale bedrag vir 2018/2019 eers bereken as die finansiële state van 2017/2018 almal in is.

Die **Tussenorde**, soos goedgekeur deur die Algemene Sinode, is in Kerkorde 2015 opgeneem asook in Familiereëls 2016 op bladsy 285. Dit maak moontlikhede oop vir die gestruktureerde samewerking tussen gemeentes uit die familie van NG Kerke. Benut dit gerus. Daar is tans 'n span van die Algemene Sinode wat aan die implementering hiervan werk. Gesels gerus met Jorrie Potgieter – ons Kerkregkundige – hieroor.

Die **kontakbesonderhede van leraars is vir die Pensioenkantoor** baie belangrik. Die verkeerde of verouderde inligting veroorsaak dat die kantoor nie met leraars kan kommunikeer nie. Kerkkantore moet op die Retirement Fund Web-blad toesien dat die inligting korrek is.

Theo Smith, die bestuurder van die Pensioenkantoor, se nommer is 012-342 0415.

'n Gesprek oor die **opleiding van lidmate om as prediker opgelei te word** in gemeentes waar daar nie 'n predikant is nie, word tans gevoer. Daar kom nuwe inisiatiewe om hierdie gemeentes te help. Laat weet ons gerus as julle gemeente hierdie behoefte het.

## **VERGADERINGS**

Maak seker dat **21 – 23 Oktober 2018** duidelik op julle kalender aangeteken is. Dis dan **Oostelike Sinode se sitting**. Die

geloofsbriewe word nog in hierdie week aan kerkkantore uitgestuur. Hanteer dit asseblief op die volgende kerkraadsvergadering sodat ons die inligting teen 30 Junie 2018 by die Sinodehuis kan hê.

## GEMEENTES AAN DIE WERK

Ons het 'n skrywe ontvang oor die **Pionierskursus vir die Ontwikkeling van Nuwe Geloofsgemeenskappe**. Die doel van die kursus is om leiers van klein spanne op te lei en te ontwikkel om verhoudinge met nie-Christene te bou, die Evangelie aan hulle te verkondig en hulle in die konteks van 'n nuwe geloofsgemeenskap te dissipel. Hierdie [kursus](#) word ook in die Pretoria/Johannesburg-omgewing aangebied.

'n Bekendstellingsgeleentheid hieroor vind op 19 April plaas by die NG Kerk Kempton-Kruin in Kemptonpark. Lees meer besonderhede [hier](#) .

## GESAMENTLIKE WERK



[Bybel-Media](#) se Nuusbrief word [hier](#) aangeheg. Daar is inligting oor die Mei-uitgawe van LiG en die Liedboek van die Kerk. Hulle kontakbesonderhede vir bestellings en ander inligting word ook gegee.



gee [inligting](#) oor 'n missionale kerkwees-gesprek met Frank Wevers.

Die **CMR** deel weer met ons 'n [storie van hoop](#). Onthou: hulle is

ons naaste missionale vennoot – leef en werk dan naby aan mekaar.

## **VERJAARSDAE**

**Geluk** aan almal wat tot 23 April 2018 verjaar.

### **Gemeentes:**

14 April – Piet Retief, [reikop@telkomsa.net](mailto:reikop@telkomsa.net) (30)

15 April – Wakkerstroom, [admin@wakkerstroomngk.org.za](mailto:admin@wakkerstroomngk.org.za) (157)

17 April – Pretoria-Faerie Glen, [kerkkantoor@ngfaerieglen.org.za](mailto:kerkkantoor@ngfaerieglen.org.za) (41)

20 April – Lyttelton-Noord, [kerkkantoor@omgeekerk.co.za](mailto:kerkkantoor@omgeekerk.co.za) (57)

21 April – Paardekop, [ounooil@telkomsa.net](mailto:ounooil@telkomsa.net) (97)

22 April – Lyttelton, [kantoor@nglyttelton.org.za](mailto:kantoor@nglyttelton.org.za) (74)

### **Emeriti:**

13 April – Nic Grobler, Pretoria-Oosterlig 2007, [nicjgrobler@gmail.com](mailto:nicjgrobler@gmail.com)

17 April – Faure Louw, Elarduspark 2009, [faurelouw@ngelarduspark.org.za](mailto:faurelouw@ngelarduspark.org.za)

17 April – Barry van der Merwe, Letsitele 2013, [barryffc@mweb.co.za](mailto:barryffc@mweb.co.za)

18 April – Jan Grey, Pretoria-Oosterlig 2008, [drjangrey@gmail.com](mailto:drjangrey@gmail.com)

### **Predikante:**

13 April – Maans van Zijl, Witbank-Suid, [berit@live.co.za](mailto:berit@live.co.za)

21 April – Herman Nienaber, Pretoria-Oosterlig, [hnienabersa@gmail.com](mailto:hnienabersa@gmail.com)

23 April – Gavin Meistre, Pretoria-Garsfontein, [gavin@nggars.org.za](mailto:gavin@nggars.org.za)




Groete tot 24 April 2018.

**Francois Retief**  
**Uitvoerende Amptenaar**  
[uitamp@sinoos.co.za](mailto:uitamp@sinoos.co.za)



---

## FAMILIENUUS 337



20 Maart 2018

**Familienuus 337**

**MET DIE LIG NA DIE GEMEENSAP!**

Mag Lydenstyd 2018 vir jou spesiaal wees omdat jy weer diep bewus geword het van die oneindige groot liefde wat God vir sondaars het.

Francois Retief

## **PREDIKANTE**

**Lieze Meiring** van Skuilkrans het die beroep na **Elarduspark** aanvaar en het reeds op 18 Maart afskeid geneem by Skuilkrans. Sy word op 15 April by haar nuwe gemeente bevestig.

**Manie Groenewald** het die beroep na **Lyttelton-Oos** aanvaar en word op 8 April daar bevestig.

**Predikantekonferensie 2018** Die besprekings kom vinnig in. Dis lekker om die entoesiasme van ons leraars hieroor te hoor. Gou spring as jy nog plek wil hê. E-pos Tersia by [ontvangs@sinoos.co.za](mailto:ontvangs@sinoos.co.za) Die skrywe wat vanaf die Sinodehuis uitgegaan het, kan [hier](#) gekry word. Prof Jan van der Watt gaan vir ons verskillende temas uit die Johannes Evangelie ontsluit.

**Struwig Eko Reservaat** het 'n [geleentheid](#) spesiaal vir leraars op 9 – 11 April. Kom kuier op hierdie wonderlike plek en kyk hoe jy dit kan benut vir jou gemeente. Jurgens de Jager van Witrivier kan jou alles hiervan vertel.

## **GEMEENTES**

Ons het 'n vorige keer die NCLS-navorsing hier bekend gestel. Ons doen dit weer want hierdie is 'n uitstekende hulpmiddel vir gemeentes. Jy gaan jou gemeente leer ken op 'n vlak wat andersins nie sommer moontlik is nie – en dit met data wat geverifieer en wetenskaplik verantwoordbaar is. Niks van "die mense sê..." nie!

Oorweeg dit asseblief om hieraan deel te neem – ons heg Lourens Bosman se skrywe met al die inligting weer [hierby](#) aan.

## **DIE SINODEHUIS SE MISSIONALE TAMATIEPLANT**



Op een of ander manier – waarskynlik deur die ingewande van 'n voëltjie – het 'n tamatieplant in ons voortuin opgekom. Ons het dit nie uitgehaal nie – dis immers kos! Nou begin die tamaties ryp raak. Hulle is heerlik – niks "winkel" in hulle nie...

Dis seker hoe missionale kerkwees werk: jy groei waar jy geplant is – en dan lewer jy die vrug wat 'n verskil maak net daar waar jy is.

## PROJEKTE

Ons **Kleingemeente**-span doen groot dinge! Op 15 Maart het Frederick Marais ons besoek. Hy het 'n nuwe stuk gereedskap aan ons kom bekendstel. Die Volhoubare Missionale Kerkwees Gespreksbord wat hulle ontwikkel het om gemeentes te help met die gesprek oor volhoubare missionale kerkwees is 'n praktiese hulpmiddel. Ons het die voorreg gehad om van die eerstes in die land te wees wat dit gebruik – en die entoesiasme hieroor loop hoog!

Skakel gerus met ons projekteier, Carl Louwrens ([crl@telkomsa.net](mailto:crl@telkomsa.net)), hieroor. Gemeentes wat dit wil bekom, kan die pakket by Bybel Media bestel.



**Skolliekampe** het oor jare vir tieners baie beteken. Vanjaar vind die Mpumalanga en Gauteng-kamp op Kruisrivier naby Groblersdal plaas op 2 – 8 April.

Kontak Jaco Schoeman by 071 475 3471 of [info@skolliekampe.org.za](mailto:info@skolliekampe.org.za)

Hierdie is een van die projekte wat deur Oostelike Sinode finansiële ondersteuning kry – dis 'n belegging in die lewens

van jongmense.

## **#imagine 2018 van 6 – 8 April**

Ons gee weer die [besonderhede](#) van hierdie feestelike geleentheid vir ons jongmense.

### **ONDERSTEUNING**

[www.sinoos.co.za](http://www.sinoos.co.za) – kry op ons webwerf die elektroniese weergawe van Familiereëls 2016 asook die NG Kerk se Kerkorde 2015.

Die Excel-dokument wat vir die **2017/2018 finansiële state** gebruik moet word, is vroeër reeds aan kerkkantore gestuur. Dis die enigste weergawe wat gemeentes moet gebruik. Maak seker dat die persoon wat die state opstel, hierdie dokument het. Dit is ook op ons webwerf beskikbaar.

'n Skrywe met die besonderhede van hierdie kwartaal (Maart – Mei) se **Sinodale Bydraes** is op 19 Maart uitgestuur. Let asseblief op dat hierdie 'n voorlopige bedrag is gegrond op die vorige jaar se syfers. Ons kan die finale bedrag vir 2018/2019 eers bereken as die finansiële state van 2017/2018 almal in is.

Die **Tussenorde**, soos goedgekeur deur die Algemene Sinode, is in Kerkorde 2015 opgeneem asook in Familiereëls 2016 op bladsy 285. Dit maak moontlikhede oop vir die gestruktureerde samewerking tussen gemeentes uit die familie van NG Kerke. Benut dit gerus. Daar is tans 'n span van die Algemene Sinode wat aan die implementering hiervan werk. Gesels gerus met Jorrie Potgieter – ons Kerkregkundige – hieroor.

Die **Predikante Pensioenfonds** het dokumente vir die berekening van leraars se pensioenbydraes aan leraars en kerkkantore gestuur. Hierdie skrywe is van die uiterste belang – hiersonder kan julle nie die pakket van die leraar vir die begroting bereken nie.

Die **kontakbesonderhede van leraars is vir die Pensioenkantoor** baie belangrik. Verkeerde of verouderde inligting veroorsaak dat die kantoor nie met leraars kan kommunikeer nie. Kerkkantore moet op die Retirement Fund Web-blad toesien dat die inligting korrek is.

Theo Smith, die bestuurder van die Pensioenkantoor, se nommer is 012-342 0415.

Die **Vergoedingspakket van leraars** sluit 'n bedrag in vir die **Reistoelaag**. Die aanvanklike skrywe vanaf die Algemene Taakspan Predikantsake het gemeld dat die finale reistoelaag-syfer eers bekend sal wees ná die staat se begroting. Dit gaan oor die belasting-implikasie daarvan. Hierdie syfer is nou bekend. Ons het die oorspronklike dokument aangepas sodat ons net met een dokument werk – kry die inligting op ons webwerf of by hierdie [skakel](#).

'n Gesprek oor die **opleiding van lidmate om as prediker opgelei te word** in gemeentes waar daar nie 'n predikant is nie, word tans gevoer. Daar kom nuwe inisiatiewe om hierdie gemeentes te help. Laat weet ons gerus as julle gemeente hierdie behoefte het.

**Machado-Boven se gemeenteverzorger, Faan Nel**, noem dat 'n paar gemeentes in hulle omgewing al gevang is met 'n nuwe slenter. Jy word geskakel met die belofte van 'n groot donasie maar moet net eers lugtyd oorplaas saam met PIN nommers. Jy verloor die lugtyd maar jou PIN nommers is nou ook weggegee – kerkkantore moet wakker wees vir skelmstreke soos hierdie.

## **VERGADERINGS**

Maak seker dat **21 – 23 Oktober 2018** duidelik op julle kalender aangeteken is. Dis dan **Oostelike Sinode se sitting**. Ons Ontwerpspan is aan die werk – ons gee inligting vroeg in die tweede kwartaal.


## **GEMEENTES AAN DIE WERK**

Debruinpark-Ermelo het 'n wye verskeidenheid **kategeseboeke** beskikbaar wat hulle graag beskikbaar wil stel vir gemeentes wat dit kan gebruik. Dit sluit in die My Doenboek-reeks, GPS, Facebook, G8, Real Life en Die Weg. Skakel hulle by [kris@ngdebruinpark.co.za](mailto:kris@ngdebruinpark.co.za)

## ALGEMENE SINODE

Die Algemene Sinodale Moderamen het 'n [verklaring](#) uitgereik na die vergadering verlede week in Kemptonpark.

## GESAMENTLIKE WERK

 **Bybel-Media** gee inligting oor die [April-uitgawe](#) van LiG asook oor 'n nuwe reeks kategeseboeke vir jong kinders. Verder is daar inligting oor publikasies met die oog op Pinkster.



Ons is gereed om die **Sertifikaat in Bedieningsvernuwing** in 2018 vir 'n 4e groep predikante aan te bied. Meer [inligting](#).

## VERJAARSDAE

**Geluk** aan almal wat tot 9 April 2018 verjaar.

### Gemeentes:

20 Maart – Nelspruit-Suid, [ngnelspruitsuid@telkomsa.net](mailto:ngnelspruitsuid@telkomsa.net) (54)

1 April – Krugerwildtuin, [almariedw@lantic.net](mailto:almariedw@lantic.net) (32)

1 April – Lux Mundi, [groei@luxmundi.org.za](mailto:groei@luxmundi.org.za) (30)

### Emeriti:

20 Maart – Johnnie Grobler, Kragveld 2017 ,

[johniegrobler@gmail.com](mailto:johniegrobler@gmail.com)

22 Maart – Petrus Loots, Silverton 1983, 27824696330

30 Maart – Daan Botha, Tzaneen-Wolkberg 2010,  
[botha.ria13@gmail.com](mailto:botha.ria13@gmail.com)

1 April – Daan Dekker, Dundee-Suid 2002, 084 581 0368

6 April – Attie van Niekerk, ISWEN by UP 2007,  
[attie.vanniekerk@up.ac.za](mailto:attie.vanniekerk@up.ac.za)

6 April – Lemmer Venter, Lydenburg 2011, [emeritus@telkomsa.net](mailto:emeritus@telkomsa.net)

7 April – Kobus van Zyl, Doornkloof 2003, [hankovz@gmail.com](mailto:hankovz@gmail.com)

9 April – Hennie Brandt, Middelburg-Suid 1994,  
[gbrandt58@gmail.com](mailto:gbrandt58@gmail.com)

9 April – Ronald Murray, Lynnwoodrif 2014,  
[ronald@lynnwoodrif.co.za](mailto:ronald@lynnwoodrif.co.za)

### **Predikante:**

20 Maart – Jim de Villiers, Witbank, [jimdwilliers@mweb.co.za](mailto:jimdwilliers@mweb.co.za)

20 Maart – Johnnie Grobler, Kragveld, [johniegrobler@gmail.com](mailto:johniegrobler@gmail.com)

21 Maart – André Bartlett, Dosent UP, [andre.bartlett@up.ac.za](mailto:andre.bartlett@up.ac.za)

21 Maart – Johan Taute, Lux Mundi, [jtaute@luxmundi.org.za](mailto:jtaute@luxmundi.org.za)

23 Maart – Pieter Malherbe, Barberton,  
[pietermalherbel@gmail.com](mailto:pietermalherbel@gmail.com)

23 Maart – Herman Matthee, Debruinpark-Ermelo,  
[herman.matthee3@gmail.com](mailto:herman.matthee3@gmail.com)

23 Maart – Giepie Peens, Ohrigstad, [gieppeens@gmail.com](mailto:gieppeens@gmail.com)

23 Maart – Francois Retief, Oostelike Sinode,  
[uitamp@sinoos.co.za](mailto:uitamp@sinoos.co.za)

25 Maart – Koos Kriel, Alkmaar VGKSA, [kooskriel40@gmail.com](mailto:kooskriel40@gmail.com)

25 Maart – Greta Serfontein, Moreletapark,  
[greta@moreleta.co.za](mailto:greta@moreleta.co.za)

27 Maart – Willem Badenhorst, Moreletapark,  
[willem@moreleta.co.za](mailto:willem@moreleta.co.za)

28 Maart – Nati Stander, Witrivier, [nati@stander.co.za](mailto:nati@stander.co.za)

3 April – Dewald Niemandt, Valleisig, [dewald@valleisig.org.za](mailto:dewald@valleisig.org.za)

4 April – Lizari Dippenaar, Ermelo-Oos, [lizaridt@gmail.com](mailto:lizaridt@gmail.com)

4 April – Attie van Niekerk, ISWEN, [asn@xsinet.co.za](mailto:asn@xsinet.co.za)

6 April – Fredrick Wilson, Lydenburg-Suid,

[fjwilson@telkomsa.net](mailto:fjwilson@telkomsa.net)

7 April – Elbert De Kock, Letsitele, [elbertdkock@gmail.com](mailto:elbertdkock@gmail.com)

7 April – André Kok, Olifantsfontein, [aekok@absamail.co.za](mailto:aekok@absamail.co.za)

8 April – Teodor van der Spuy, kerksondermure, [tvanderspuy@ksm.co.za](mailto:tvanderspuy@ksm.co.za)

9 April – Chris Lötter, Rayton, [chris@ngrayton.co.za](mailto:chris@ngrayton.co.za)

**Personeel:**

25 Maart – Elna de Bruyn, Oostelike Sinode, [argief@sinoos.co.za](mailto:argief@sinoos.co.za)

Groete tot 10 April 2018.

***Francois Retief***


***Uitvoerende Amptenaar***

[uitamp@sinoos.co.za](mailto:uitamp@sinoos.co.za)



---

## **FAMILIENUUS 336**



6 Maart 2018

**Familienuus 336**



## **MET DIE LIG NA DIE GEMEENSKAP!**

Lydenstyd bring ons ook uit by die wonderlike voorreg om God as ons Vader te mag ken. Hy is nie ver nie. Hy is nie afwesig nie. Hy is nie vir ons vreemd nie. Ons hoef Hom nie te probeer beïndruk nie. Hy maak ons erfgename. Deur sy Gees oortuig Hy ons dat ons nou kinders van God is.

Wat 'n voorreg...

Francois Retief

—oo0oo—

### **PREDIKANTE**

**Nico Swart van Skuilkrans** het sy Sabbatstyd op 'n unieke manier deurgebring. Die Kerkbode het 'n [berig](#) hieroor geplaas. Dis inspirerend en verrykend. Dankie, Nico!

**Johan Koen van Burgersfort** het verlede Donderdag 'n baie groot hartoperasie gehad. Die operasie was suksesvol en Johan is op die herstelpad. Ons bid vir hom en Betsie en die gesin.

Ons bid ook vir **Casper Booy van Middelburg-Kanonkop** se gesondheid.

'n Geloofsfamilie deel graag lief en leed met mekaar. Hou ons asseblief ingelig hier by die Sinodehuis.

**Kobie Fourie** het op 28 Februarie geëmeriteer by Elarduspark.

**Lieze Meiring** van Skuilkrans is beroep na Elarduspark.

**Lyttelton-Oos** het Manie Groenewald as leraar beroep.

**Predikantekonferensie 2018** Die besprekings kom vinnig in. Dis lekker om die entoesiasme van ons leraars hieroor te hoor. Gou

spring as jy nog plek wil hê. E-pos Tersia by [ontvangs@sinoos.co.za](mailto:ontvangs@sinoos.co.za) Die skrywe wat vanaf die Sinodehuis uitgegaan het, kan [hier](#) gekry word.

**Struwig Eko Reservaat** het 'n [geleentheid](#) spesiaal vir leraars op 9 – 11 April. Kom kuier op hierdie wonderlike plek en kyk hoe jy dit kan benut vir jou gemeente. Jurgens de Jager van Witrivier kan jou alles hiervan vertel.

## GEMEENTES

Ons **Voetsoolsinodesittings** het Die Kerkbode gehaal. Neels Jackson was teenwoordig by die Garsfontein-geleentheid en het 'n hele bladsy aan ons geleentheid afgestaan. Dankie, Neels!

[Vers 5](#) wou nie weggaan nie

Die [doel](#) is om die Evangelie uit te dra

[Tekste](#) vir missionale kerkwees

Die Sinodale Diensraad sal ook graag verhoor wil hoor oor hoe die proses verder in gemeentes verloop het na aanleiding van die missionale beplanning tydens sessie 3. Laat weet ons...

## PROJEKTE

Stuur sommer nou dadelik jou e-pos na [ontvangs@sinoos.co.za](mailto:ontvangs@sinoos.co.za) om jou inskrywing vir die *mpa* se **Leraarsondersteuningsgeleentheid** op 26 – 27 Maart te bevestig.

Hierdie is een van Oostelike Sinode se projekte om leraars toe te rus en te ondersteun. Benut asseblief die geleentheid. 'n Pamflet met besonderhede word [hier](#) aangeheg.

Ons **Kleingemeente**-span doen groot dinge! Op 15 Maart besoek Frederick Marais ons met inligting oor die Volhoubare Missionale Kerkwees [Gespreksbord](#) wat hulle ontwikkel het om gemeentes te help met die gesprek oor volhoubare missionale kerkwees. Ons het al vroeër insae hierin gehad – en dis 'n praktiese, eenvoudige stuk gereedskap om met hierdie gesprek te help.

Die pakket kos R250 – en Frederick kan dit saambring vir gemeentes wat vooraf bestel.

Die geleentheid word by Middelburg-Suid gehou vanaf 10:00 tot 16:00.

Skakel gerus met Carl Louwrens ([crl@telkomsa.net](mailto:crl@telkomsa.net)) hieroor.

Ons projekspan **Missionale Gemeentes** hou 'n byeenkoms by Kruisrivier op 15 tot 16 Maart. Willem Esterhuizen ([dswillem@ngpanorama.co.za](mailto:dswillem@ngpanorama.co.za)) reël dit – kontak hom en kom kuier saam oor 'n aktuele saak!

**Skolliekampe** het oor jare vir tieners baie beteken. Vanjaar vind die Mpumalanga en Gauteng-kamp op Kruisrivier naby Groblersdal plaas op 2 – 8 April. Lees [meer](#).

Kontak Jaco Schoeman by 071 475 3471 of [info@skolliekampe.org.za](mailto:info@skolliekampe.org.za)

Hierdie is een van die projekte wat deur Oostelike Sinode finansiële ondersteuning kry – dis 'n belegging in die lewens van jongmense.

**Vir ons Hoërskoolkinders:** ervaar 'n [week](#) van natuurbewaring in 'n groot 5 natuurresewaat.

**#imagine 2018:** Vir die tieners van die Oostelike Sinode trek #imagine 2018 'n splinternuwe baadjie aan. Met die nuwe venue naby Bela Bela word die logistieke reëlings rondom die fees vir ons as jeugleiers ook sommer 'n fees. Lees [meer](#).

## **ONDERSTEUNING**

[www.sinoos.co.za](http://www.sinoos.co.za) – kry op ons webwerf die opgedateerde Riglyne vir die Vergoedingspakket van Leraars – met die nuwe Reistoelaag-syfers.

Die **Predikante Pensioenfonds** het dokumente vir die berekening van leraars se pensioenbydraes aan leraars en kerkkantore

gestuur. Hierdie skrywe is van die uiterste belang – hiersonder kan julle nie die pakket van die leraar vir die begroting bereken nie.

Die **Predikante Pensioenfonds** het 'n addisionele geleentheid gereël waartydens hierdie dokument – en die gebruik daarvan – bespreek gaan word: 16 Maart 10:00 – 12:00 by Nelspruit-Suid. Kontak Theo Smith (012-342 0415) hieroor.

Die **Vergoedingspakket van leraars** sluit 'n bedrag in vir die **Reistoelaag**. Die aanvanklike skrywe vanaf die Algemene Taakspan Predikantsake het gemeld dat die finale reistoelaag-syfer eers bekend sal wees ná die staat se begroting. Dit gaan oor die belasting-implikasie daarvan. Hierdie syfer is nou bekend. Ons het die oorspronklike dokument aangepas sodat ons net met een dokument werk – kry die inligting op ons webwerf of by hierdie [skakel](#).

Die **Tussenorde** soos goedgekeur deur die Algemene Sinode is in Kerkorde 2015 opgeneem asook in Familiereëls 2016 op bladsy 285. Dit maak moontlikhede oop vir die gestruktureerde samewerking tussen gemeentes uit die familie van NG Kerke. Benut dit gerus. Daar is tans 'n span van die Algemene Sinode wat aan die implementering hiervan werk. Gesels gerus met Jorrie Potgieter – ons Kerkregkundige – hieroor.

'n Gesprek oor die **opleiding van lidmate om as prediker opgelei te word** in gemeentes waar daar nie 'n predikant is nie, word tans gevoer. Daar kom nuwe inisiatiewe om hierdie gemeentes te help. Laat weet ons gerus as julle gemeente hierdie behoefte het.

## **VERGADERINGS**

8 Maart                      Predikante Pensioenfonds se Bestuurskomitee

12–15 Maart    Algemene Sinode Moderatuur

Ons voorsitter, Dirkie van der Spuy, gee op ons webwerf se

[hoofblad](#) terugvoer oor die afgelope **Sinodale Diensraad-vergadering**.

## **GEMEENTES AAN DIE WERK**

Lux Mundi adverteer 'n pos vir 'n [musiekleier en administratiewe personeellid](#).

## **ALGEMENE SINODE**

Die Algemene Sinode het 'n skrywe aan President Cyril Ramaphosa gestuur na sy inhuldiging. Ons heg dit [hier](#) aan.

## **GESAMENTLIKE WERK**

Die CMR stuur vir ons [hierdie](#) storie van hoop



**Bybel-Media** Die jongste [nuusbrieff](#) vertel van Die Kerkbode, 'n nuwe publikasie "Vind jou hoed" en 'n DVD met die interessante titel "Brandstof" – aanbiddingsmusiek uit Flam en die Liedboek.



**CLF** se jongste [publikasie](#)

Die **Kuratorium** van die Teologiese Fakulteit by Pretoria versoek gemeentes om op 10 Junie 2018 'n biddag en deurkollekte vir die opleiding van teologiese studente te hou. Hulle stuur later 'n kort video met verdere inligting. Teken die datum solank aan.

## **ANDER INLIGTING**

Missie Japan se Nuusflits word [hier](#) aangeheg.

## **VERJAARSDAE**

**Geluk** aan almal wat tot 19 Maart 2018 verjaar.

**Gemeentes:**

9 Maart – Middelburg, [kantoor@witkerk.co.za](mailto:kantoor@witkerk.co.za) (151)  
9 Maart – Barberton, [ngkbtn@mweb.co.za](mailto:ngkbtn@mweb.co.za) (129)  
9 Maart – Ohrigstad, [ngkerkohrigstad@gmail.com](mailto:ngkerkohrigstad@gmail.com) (65)  
15 Maart – Hazyview, [ngkhazy@mweb.co.za](mailto:ngkhazy@mweb.co.za) (43)

**Emeriti:**

7 Maart – Johann Ernst, Doornkloof 2016, [jhernst@tiscali.co.za](mailto:jhernst@tiscali.co.za)  
10 Maart – Barend van der Westhuizen, NGKA Letaba 1998, 084  
338 6189  
12 Maart – Kobus Minnaar, NGKA Hlanganani 1988,  
[jsaminnaar@mweb.co.za](mailto:jsaminnaar@mweb.co.za)  
16 Maart – Pieter Von Wielligh, Middelburg 1995,  
[veravonwielligh@yahoo.com](mailto:veravonwielligh@yahoo.com)

**Predikante:**


7 Maart – Sias Meyer, Dosent UP, [sias.meyer@up.ac.za](mailto:sias.meyer@up.ac.za)  
13 Maart – Johann Meylahn, Dosent UP, [johann.meylahn@up.ac.za](mailto:johann.meylahn@up.ac.za)  
15 Maart – Carl Schoeman, Phalaborwa, [schoeman.cs@gmail.com](mailto:schoeman.cs@gmail.com)  
18 Maart – Ronnie Stanton, Pretoria-Garsfontein,  
[rastanton1@gmail.com](mailto:rastanton1@gmail.com)

Groete tot 20 Maart 2018.

***Francois Retief***  
***Uitvoerende Amptenaar***  
[uitamp@sinoos.co.za](mailto:uitamp@sinoos.co.za)

---

# FAMILIENUUS 335



## **MET DIE LIG NA DIE GEMEENSAP!**

Ons Voetsoolsinodesittings is verby – en volgens die terugvoer wat ons ontvang het, was dit 'n goeie ervaring. Meer as 200 persone het die geleentheid bygewoon – en die gesprek oor missionale kerkwees word nou in gemeentes voortgesit. Dis in gemeentes en deur die lewens van lidmate wat die verskil gemaak gaan word.

Ons stel mettertyd 'n dokument saam oor hierdie geleentheid. Ons gee solank die skakels na die drie video-grepe wat ons vertoon het. Gebruik dit gerus in die gemeente.

[Witbank-Panorama](#)

[CMR Ermelo](#)

[In ligter trant](#)

Ons raak besig met Lydenstyd. Ons gaan weer diep bewus word van die hart van God vir sy mense. Dit gaan ons lewens diep raak – en ook ons optrede, denke en oortuigings verander. Dan leef ons met die hart van God in hierdie wêreld.

Mag lydenstyd vir jou 'n geloofsverdiepende ervaring wees.

Francois Retief

–oo0oo–□□□□□

## **PREDIKANTE**

**Darius Botha**, een van ons bekende leraars uit Oostelike Sinode, is Maandag oorlede na 'n baie lang stryd teen kanker.

Ons dink met groot dankbaarheid aan die spesiale man wat hy was.

'n Geloofsfamilie deel graag lief en leed met mekaar. Hou ons asseblief ingelig hier by die Sinodehuis.

**Predikantekonferensie 2018** se reëlings is in volle swang. Die feitlik oombliklike reaksie van leraars op die skrywe wat hieroor uitgegaan het, wys dat ons predikante wel deeglik hulle e-posse lees!

Professor Jan van der Watt gaan temas uit die Johannes-Evangelie behandel – en ons help om daarvoor te preek. Benut gerus hierdie toerusting / rus / kuier-geleentheid. Gou spring om julle verblyf te bespreek. Die skrywe wat vanaf die Sinodehuis uitgegaan het, kan [hier](#) gekry word.

Dankie vir elke **gemeentekalender** wat ons reeds hier ontvang het.

## **GEMEENTES**

Lourens Bosman gee inligting oor die navorsing wat **NCLS** in gemeentes en tot voordeel van gemeentes doen. Die volgende rondte hiervan gebeur in Augustus. Dit help met die raaksien van tendense in jou gemeente en watter aanpassings in julle bediening nodig mag wees sodat die gemeente gesond en groeiend kan wees. Inligting oor die kostes is [hier](#) beskikbaar..

## **PROJEKTE**

Teken solank die datum aan van Oostelike Sinode se Leraarsondersteunings-geleentheid by die *mpa* te Moreletapark: 26 – 27 Maart. 'n Pamflet met besonderhede word [hier](#) aangeheg.

Ons **Kleingemeente**-span doen groot dinge! Op 15 Maart besoek Frederick Marais ons met inligting oor die model wat hulle ontwikkel het om gemeentes te help met die gesprek oor volhoubare missionale gemeentes. Ons het al vroeër insae gehad hierin – en dis 'n praktiese, eenvoudige stuk gereedskap om



met hierdie gesprek te help.

Die pakket kos R250 – en Frederick kan dit saambring vir gemeentes wat vooraf bestel.

Die geleentheid word by Middelburg-Suid gehou vanaf 10:00 tot 16:00.

Skakel gerus met Carl Louwrens ([crl@telkomsa.net](mailto:crl@telkomsa.net)) hieroor.

## **ONDERSTEUNING**

[www.sinoos.co.za](http://www.sinoos.co.za) – ons webwerf het die kontakligting van gemeentes, ringe en leraars.

Die **Predikante Pensioenfonds** het dokumente vir die berekening van leraars se pensioenbydraes aan leraars en kerkkantore gestuur. Hierdie skrywe is van die uiterste belang – hiersonder kan julle nie die pakket van die leraar vir die begroting bereken nie.

Skakel asseblief vir Theo Smith hieroor by 012-342 0415.

## **VERGADERINGS**

20 Februarie Kuratorium

22 Februarie Sinodale Diensraad

## **GESAMENTLIKE WERK**



**Bybel-Media** Nuusbrief 2018/03 kan [hier](#) gelees word.



Excelsus bied die Sertifikaat in Bedieningsvernuwing aan. Die pamflet vertel [meer](#) oor hierdie belangrike saak vir ervare leraars.

Die **CMR** stuur vir ons [hierdie](#) storie van hoop.

Oostelike Sinode ontvang saam met Noordelike Sinode en Sinode Goudland vir **Michael Moynagh** op 22 Februarie by Lux Mundi. Leraars van Oostelike Sinode woon dit gratis by maar moet met Tersia by [ontvangs@sinoos.co.za](mailto:ontvangs@sinoos.co.za) bevestig sodat jy iets te ete kan kry!

## **ANDER INLIGTING**

Oud-Bad-se-lopers sal [hierin](#) belangstel.

Missie Japan se Nuusflits word [hier](#) aangeheg.

## **VERJAARSDAE**

**Geluk** aan almal wat tot 5 Maart 2018 verjaar.

### **Gemeentes:**

17 Februarie – Skuilkrans, [info@skuilkrans.co.za](mailto:info@skuilkrans.co.za) (47)

19 Februarie – Lynnwoodrif, [admin@lynnwoodrif.co.za](mailto:admin@lynnwoodrif.co.za) (43)

2 Maart – Breyten, [ngkerkbreyten@gmail.com](mailto:ngkerkbreyten@gmail.com) (76)

### **Emeriti:**

14 Februarie – Albert Venter, Marble Hall 2017, [alberven@mweb.co.za](mailto:alberven@mweb.co.za)

17 Februarie – Hannes Enslin, Skuilkrans 2006 beroepbaar, [jdenslin@mweb.co.za](mailto:jdenslin@mweb.co.za)

22 Februarie – Gerrit Theron, Chrissiesmeer 2017, [gtheron@mtnloaded.co.za](mailto:gtheron@mtnloaded.co.za)

24 Februarie – Thys Le Roux, Camden 1988

28 Februarie – Louis Louw, Pretoria-Oosterlig 2017, [louisklouw@absamail.co.za](mailto:louisklouw@absamail.co.za)

1 Maart – Anton Doyer, Ohrigstad 2008, [awdoyer@gmail.com](mailto:awdoyer@gmail.com)

2 Maart – Johan Froneman, ABID Transvaal 2011, [drjohanfroneman@gmail.com](mailto:drjohanfroneman@gmail.com)

3 Maart – Kobus Bezuidenhout, Dir Godsdienssorg Korrektiewe Dienste 1998, [kobez@mweb.co.za](mailto:kobez@mweb.co.za)

3 Maart – Steyn van Heerden, Nelspruit-Suid 2009, [dsjs@vodamail.co.za](mailto:dsjs@vodamail.co.za)

5 Maart – Petrus Etsebeth, Sekhukhuneland 2000,  
[kantoor@lantic.net](mailto:kantoor@lantic.net)

**Predikante:**

14 Februarie – Lieze Meiring, Skuilkrans,  
[lieze@skuilkrans.co.za](mailto:lieze@skuilkrans.co.za)

15 Februarie – Dirkie van der Spuy, Moreletapark,  
[dvdspuy@moreleta.co.za](mailto:dvdspuy@moreleta.co.za)

16 Februarie – Christian Oberholzer, Elarduspark,  
[christian@angelarduspark.org.za](mailto:christian@angelarduspark.org.za)

17 Februarie – Marnus Geyser, Dennesig,  
[marnusgeyser@webmail.co.za](mailto:marnusgeyser@webmail.co.za)

19 Februarie – Dawie Nieuwoudt, Witbank-Panorama,  
[sirrouch@vodamail.co.za](mailto:sirrouch@vodamail.co.za)

20 Februarie – Fanie Venter, kerksondermure, [fventer@ksm.co.za](mailto:fventer@ksm.co.za)

25 Februarie – Danie Vermaak, Elarduspark,  
[danievermaak@angelarduspark.org.za](mailto:danievermaak@angelarduspark.org.za)

27 Februarie – Janet Cruywagen, Valleisig,  
[jeug@valleisig.org.za](mailto:jeug@valleisig.org.za)

27 Februarie – Johan van der Merwe, Lynnwoodrif,  
[johan.vdmerwe@up.ac.za](mailto:johan.vdmerwe@up.ac.za)

5 Maart – Elza Meyer, Moreletapark, [elza@turn2god.co.za](mailto:elza@turn2god.co.za)

5 Maart – Gert Steyn, Dosent UP, [gert.steyn@up.ac.co.za](mailto:gert.steyn@up.ac.co.za)

5 Maart – Wouter van Wyk, Tygerpoort, [wouter@ngtyger.com](mailto:wouter@ngtyger.com)

Groete tot 6 Maart 2018.

***Francois Retief***

***Uitvoerende Amptenaar***

[uitamp@sinoos.co.za](mailto:uitamp@sinoos.co.za)

---

# FAMILIENUUS 334



30 Januarie 2018

**Familienuus**

**334**

**VOETSOOL SINODES 2018**

**3 Februarie Lydenburg-Suid**

**10 Februarie**

**Pretoria-Garsfontein**

**"Wat vra die Here van ons in 'n tyd soos hierdie?"**

**MET DIE LIG NA DIE GEMEENSAP!**

Ons Voetsoolsinodes is nou so naby ons kan al amper aan hulle vat!

Daar is groot opgewondenheid oor hierdie spesiale geleentheid. Meer as 200 persone gaan dit bywoon. Ons gaan saamkuier, toegerus word oor missionale kerkwees en elke gemeente gaan daar weggaan met 'n plan.

Goeie nuus! Elke predikant ontvang 3 VBO-punte vir die bywoon van die Voetsoolsinode.

Vir eerskomende Saterdag se geleentheid moet ons die finale getalle aan Lydenburg-Suid op Woensdag deurgee. As jou gemeente nog nie ingeskryf het nie, raak dit nou min dae! Stuur dadelik e-pos met die name van almal wat kom na [ontvangs@sinoos.co.za](mailto:ontvangs@sinoos.co.za) Vir die 10 Februarie-geleentheid is daar nog kans tot 7 Februarie om te laat weet.

Ons gee weer die program – dink solank oor die verhaal wat julle graag met ander wil deel.

## **PROGRAM**

**09:00 AANKOMS, REGISTRASIE EN KOFFIE/TEE**

**10:00 WELKOM EN KENMEKAAR IN DIE TAFELGROEPE**

**10:15 OPENING: Dirkie van der Spuy**

**10:30 SESSIE 1: [15 /30 /15 minute]**

***Inleidend: Francois Retief***

- *hoe het ons in Oostelike Sinode tot op hierdie punt gekom?*
- *hoe lyk missionale kerkwees?*

***Tafelgesprekke:***

- *watter Skrifgedeeltes speel in julle gesprekke oor missionale kerkwees 'n prominente rol?*
- *wat in julle gemeenskap maak julle bewus van die roeping om dáár 'n verskil te maak?*
- *wat vra die Here van ons in 'n tyd soos hierdie?*

***Terugvoer:***

**11:30 TEETJD**

**12:00    SESSIE 2: ONS HOOR VERHALE OOR MISSIONALE KERKWEES [20 / 40 minute]**

*Video's en persoonlike vertellings*

**Tafelgesprek:**

- *vertel julle eie gemeenteverhale aan mekaar*
- *wat vra die Here van ons in 'n tyd soos hierdie?*

**13:00    MIDDAGETE**

**13:45    SESSIE 3: "'N BYBELSE VISIE VIR 'N GEMEENTE" [15 /30 /15 minute]**

**Gemeentelede sit saam aan 'n tafel vir die tafelgesprekke – op 'n blaaibordpapier deel julle julle roeping as gemeente met mekaar**

*Inleidend: Dirkie van der Spuy*

**Tafelgesprekke:**

- *wat vra die Here van ons in 'n tyd soos hierdie?*
- *noem 2 missionale doelwitte wat julle gemeente het vir die nuwe jaar.*
- *in die lig van Jesus se missionaliteit, watter aanpassings behoort ons gemeente te doen in 2018?*
- *wat is die eerste tree wat ons moet gee om meer missionaal te word as gemeente? (wees prakties in die bepaling van 'n strategie wat die volgende kan insluit: kerkraadsgesprek, beplanningsdag, kommissie, preekplan en kleingroep-temas)*

## *Terugvoer*

**14:45 EVALUERING EN AFSLUITING**

**15:00 VERTREK**

–oo0oo–

### **PREDIKANTE**

Christiaan Oberholzer is op 28 Januarie as leraar van Elarduspark bevestig.

Nico Smit van Lynnwoodrif het afskeid geneem van die gemeente en word eersdaags in Dalpark aan die Oosrand bevestig.

Lourens Bosman groet Lux Mundi op 4 Februarie tydens sy afskeidspraak om dan diens te aanvaar in die kantoor van die Algemene Sinode as Algemene Bestuurder.

Anru en Danél Liebenberg van Nelspruit het baie groot hartseer beleef toe Danél se ouers albei in 'n botsing op 7 Januarie oorlede is. Ons bid vir julle...

Ons vorige Kerkregkundige, Johan van der Merwe, het 'n groot operasie ondergaan as deel van die behandeling na die terugslag met sy gesondheid 'n jaar gelede.

'n Geloofs familie deel graag lief en leed met mekaar. Hou ons asseblief ingelig hier by die Sinodehuis.

### **GEMEENTES**

**Predikantekonferensie 2018** se reëlins is in volle swang. Die feitlik oombliklike reaksie van leraars op die skrywe wat hieroor uitgegaan het, wys dat ons predikante wel deeglik hulle e-posse lees!

Professor Jan van der Watt gaan temas uit die Johannes-Evangelie behandel – en ons help om daarvoor te preek. Benut gerus hierdie toerusting / rus / kuier-geleentheid. Gou spring

om julle verblyf te bespreek.

Dankie vir elke **gemeentekalender** wat ons reeds hier ontvang het. Gemeentes wat dit nog nie gestuur het nie, kan dit sommer saambring na die Voetsoolsinodes toe.

## PROJEKTE

Teken solank die datum aan van Oostelike Sinode se leraarsondersteunings-geleentheid by die *mpa* te Moreletapark: 26 – 27 Maart.

## ONDERSTEUNING

[www.sinoos.co.za](http://www.sinoos.co.za) – ons webwerf het inligting oor alles wat met die Kerkorde en Familiereëls te make het. Gaan loer op die hoofblad – daar is selfs 'n dokument vir wanneer die bank julle wil FICA.

Die Predikante Pensioenfonds het die dokumente vir die berekening van leraars se pensioenbydraes aan leraars en kerkkantore gestuur. Ons het ook Maandag 'n Kortnuus uitgestuur met enkele opmerkings hieroor. Lees dit weer [hier](#). Skakel gerus vir Theo Smith hieroor by 012-342 0415.

Ons Regsdiensgroep het hulle vinger op al die wette wat vir ons as gemeentes belangrik is. Hulle vestig gemeentes se aandag weer op Familiereëls 2016 se bladsy 257 waar die lys verskyn. Ons heg dit ook [hier](#) aan.

## VERGADERINGS

Die Fondsediensgroep vergader op 13 Februarie.

## ANDER INLIGTING



**Bybel-Media** gee [inligting](#) oor die aanstelling van ds Bruwer Strydom asook oor Jaarboek 2018.





**Christelike Lekturfonds** stel ook hulle nuwe personeel bekend.



"Oop vir die oomblik" word as 'n jaarkursus aangebied deur die Sentrum vir Spiritualiteit van Willem Nicol. Meer inligting is [hier](#) beskikbaar.

## VERJAARSDAE

**Geluk** aan almal wat tot 12 Februarie 2018 verjaar.

### **Emeriti:**

3 Februarie – Piet Marais, Valleisig 2017, [piet@valleisig.org.za](mailto:piet@valleisig.org.za)

4 Februarie – Jan Coertze, Doornkloof 2006, [jan@primecs.co.za](mailto:jan@primecs.co.za)

4 Februarie – Malan Nel, UP Praktiese Teol 2005, [malannelup@gmail.com](mailto:malannelup@gmail.com)

7 Februarie – Rassie van Niekerk, Dir Kapelaansdiens SA Geneesk 1992, 0828731866

8 Februarie – Jan Bisschoff, Skuilkrans 2009, [janhbisschoff@gmail.com](mailto:janhbisschoff@gmail.com)

### **Predikante:**

31 Januarie – Jan van Jaarsveld, Lyttelton-Oos, [jan@alharvest.co.za](mailto:jan@alharvest.co.za)

3 Februarie – Jorrie Potgieter, Lynnwoodrif, [jorrie@lynnwoodrif.co.za](mailto:jorrie@lynnwoodrif.co.za)

5 Februarie – Christo Woite, kerksondermure, [cwoite@ksm.co.za](mailto:cwoite@ksm.co.za)

6 Februarie – Kobie Fourie, Elarduspark, [jnsfourie@ngelarduspark.org.za](mailto:jnsfourie@ngelarduspark.org.za)

6 Februarie – Roelf van Niekerk, Piet Retief, [rapvn@telkomsa.net](mailto:rapvn@telkomsa.net)

9 Februarie – Pieter Badenhorst, Moreletapark,

[pieter.badenhorst@moreleta.co.za](mailto:pieter.badenhorst@moreleta.co.za)

9 Februarie – Stefan van der Merwe, Lynnwoodrif,  
[stefanandhensie@yahoo.com](mailto:stefanandhensie@yahoo.com)

7 Februarie – Carl Schunke, Amsterdam, [schunkecarl@gmail.com](mailto:schunkecarl@gmail.com)

11 Februarie – Benja Ferreira, Valleisig, [benjaf1102@gmail.com](mailto:benjaf1102@gmail.com)

Groete tot 13 Februarie 2018.

***Francois Retief***

***Uitvoerende Amptenaar***

[uitamp@sinoos.co.za](mailto:uitamp@sinoos.co.za)